

c/o L&L Agricultural Services
Grain Building Agri-hub Office Park
477/478 Witherite Street
DIE WILGERS
Pretoria
0184



SAWCIT
SOUTH AFRICAN WINTER CEREAL INDUSTRY TRUST

Reg no. IT 1138/10
VAT no. 4340294588
P.O. Box 74626
LYNNWOOD RIDGE
0040
Tel: +27(12) 807-3958
e-mail: sawcit@llagric.co.za

23 September 2021

VRYWILLIGE HEFFINGS OP KORING, GARS EN HAWER

Die inligting rakende die vrywillige heffings vir koring, gars en hawer vir die nuwe seisoen vanaf 1 Oktober 2021 tot 30 September 2022 is soos hieronder aangedui.

Maak asseblief seker dat die vrywillige heffings aan SAWCIT oorbetal word, aangesien dit uiters belangrik is om kritiese funksies in die bedryf te befonds ten einde die vryemark in stand te hou. Sonder u ondersteuning van hierdie belangrike bedryfsinisiatief, sal hierdie funksies in gevaar wees en sal dit die totale bedryf negatief beïnvloed.

Indien u onseker is oor die feite met betrekking tot die betaling en aftrekking van die heffings, of as u wil bevestig dat u interpretasie korrek is in die onderskeid tussen die SAWCIT heffings en ander heffings wat op wintergrane betaalbaar is, is u welkom om Sakkie Klopers te kontak by 072 232 7332 of 'n e-pos te stuur aan sawcit@llagric.co.za.

Die kritiese aspekte wat op die vrywillige heffings van SAWCIT betrekking het, word nietemin hieronder vir u gerief voorsien:

Wat is die bedrae van die SAWCIT vrywillige heffings? (BTW uitgesluit)

Koring	R14,50 per metrieke ton
Gars	R14,50 per metrieke ton
Hawer	R6,00 per metrieke ton

Waarop is die SAWCIT vrywillige heffings betaalbaar?

Die heffings is betaalbaar op alle koring, gars en hawer:

1. wat deur die produsent daarvan verkoop word;
2. wat ingevoer of uitgevoer word;
3. wat deur of namens die produsent verwerk of geprosesseer word;
4. waarvoor 'n silo-sertifikaat uitgereik word.

Hoe word die SAWCIT heffings gevorder?

Produsente en andere wat graan lewer, moet aandui dat hulle instem dat die vrywillige heffings by die verkoop of lewering van die graan afgetrek en oorbetal kan word.

Wie is verantwoordelik vir oorbetalings van die SAWCIT heffings?

Die koper, verwerker, prosesseerder, invoerder, uitvoerder of persoon wat die silo-sertifikaat uitreik is verantwoordelik vir die oorbetalings van die heffings.

TRUSTEES: Mr. R.P. Krige (Chairperson), Mr. B. Mokgatle (Vice-Chairperson),
Ms. M. van der Merwe, Mr. J.F. de Villiers, Mr. G. Penny, Mr. W. Lemmer.
ADMINISTRATORS: L&L Agricultural Services.

Aan wie word die vrywillige heffings betaal?

Die heffings word aan die Suid-Afrikaanse Wintergraanbedryfstrust (SAWCIT) betaal en die bankrekening is op die aangehegte heffingsvorm aangetoon, sowel as die BTW registrasienommer van SAWCIT.

Wanneer word die SAWCIT heffings betaal?

Die heffings moet verkieslik voor die einde van die maand, wat volg op die maand waarin die heffings gevorder of afgetrek is, aan SAWCIT oorbetaal word.

Ons opregte dank aan diegene in die bedryf wat reeds die vrywillige heffings aan SAWCIT oorbetaal. Die bedryf se erkenning en waardering word hiermee aan u verleen.

SAKKIE KLOPPERS

SAWCIT ADMINISTRATEURS

TRUSTEES: Mr. R.P. Krige (Chairperson), Mr. B. Mokgatle (Vice-Chairperson),
Ms. M. van der Merwe, Mr. J.F. de Villiers, Mr. G. Penny, Mr. W. Lemmer.
ADMINISTRATORS: L&L Agricultural Services.